01 Jul

Uitgawe 2009/07/01

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik. (**Matt.5:16**). In die vorige verse word Gelowiges die sout en die lig genoem in hierdie donker wêreld. Neem 'n tydjie om op jou eie lewe te reflekteer en vra die Heilige Gees om jou te wys waar jy dalk nie meer sout genoeg is nie of waar jou lig dalk dowwer skyn. 'n Goeie maatstaf om te gebruik is **Psalm 15:2-5**. ***Vader, ek wil my lig só laat skyn dat U gesien sal word.***

Deurbraak : BBC gee ag op kykers en beperk vloekery

Die *BBC* (Britse Uitsaai Korporasie) is daarop gemik om die programme met insetsels van seks en vloekery te beperk na 9nm, omdat kykers onsteld was oor die morele afname in die programme se standaard. As 'n bewys dat *BBC* se beleid om grense te oorskry nie ooreenstem met die publiek se sienswyse nie, het hul eie opname bewys dat kykers die toename in vuil taal en afstootlike inhoud verag. Programme sal van nou af te alle tye waarskuwings dra van enige afstootlike inhoud. (Webruimte: http://www.telegraph.co.uk/culture/tvandradio/5628315/BBC-bows-to-viewers-and-curbs-swearing-after-9pm-watershed.html, 24/06/09). ***Dank die Here dat Hy gebede beantwoord. Bid dat baie ander uitsendingstasies ook programme sal verwyder waar God sy naam ydelik gebruik word en waar afskuwelike taal gebruik word. Bid dat Gelowiges sal protesteer teen enige onvanpaste programme.***

Bid vir jou gemeenskap : 90 Dae van Seën

Bid die seën: *Toe het God gesê: "Laat die waters onder die hemel op een plek bymekaarkom sodat die droë grond sigbaar word." So het dit gebeur. God het die droë grond "aarde" genoem, en die waters wat bymekaar gekom het, het Hy "see" genoem. En God het gesien dit is goed. Toe het God gesê: "Laat daar uit die aarde groenigheid voortkom, groen plante wat saad gee en vrugtebome op die aarde, wat elkeen na sy aard vrugte dra en waarvan die saad in sy vrug sit." So het dit gebeur. Die aarde het groen plante laat uitspruit wat elkeen na sy aard saad gee, en bome wat vrugte dra met die saad daarin, elkeen na sy aard. En God het gesien dit is goed* (**Gen.1:9-12**). **Sê wat jy glo:** Ek glo en bely dat die Drie-enige God – Vader, Seun en Heilige Gees – die Skepper van die Hemel en die Aarde en van alle geskape dinge is. Ek glo dat Hy met die mag van Sy hande alles in stand hou (**Hand.17:24; Heb.1:3**). (E-pos: cape@transformationafrica.com, 05/06/2009). ***Bid te voet: Bid by die vuilste plek in jou gemeenskap of stad, byvoorbeeld die vullishoop, en toon jou besorgdheid oor die skepping deur die vullis in jou eie straat op te tel.***

Suid-Afrika : Dokters staak

Sestien dokters van 'n hospitaal in KwaZulu-Natal het waarskynlik geweier om kinders wie se lewens in gevaar was te behandel omdat hulle deelgeneem het aan 'n staking. Die onwettige staking van dokters kan mense se lewens in gevaar stel. Alhoewel die hof opdrag gegee het dat dokters na hul werk terugkeer, het hulle aangehou om te staak. Dokters kan nie afgedank word nie omdat hulle van soveel belang is vir die publiek. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=13&art_id=vn20090629062448248C814588, 29/06/09). ***Bid asseblief dat die staking en enige onderhandelinge vinnig opgelos sal word. Bid dat die omstandighede in hospitale spoedig sal verbeter en dat medisyne beskikbaar sal wees vir almal. Bid ook dat niemand hul lewens sal verloor tydens die staking weens nalatigheid of onwilligheid van die mediese personeel om na pasiënte om te sien nie.***

Internasionaal : Indië – uitbuiting van kinders

Die oorsake van seksuele uitbuiting van kinders is baie en varieer ook, van armoede en werkloosheid , dwelm en alkohol misbruik, korrupsie, uitbreiding van georganiseerde misdaad en handel van kinders tot by die lae status van dogters in baie lande, ongeletterdheid en tekort aan onderwys, wette wat nie geskik is nie of nie toegepas word nie, en die toename in pornografie en die bekendstelling van seks toere op die Internet. Van 2-4 Julie gaan *Viva* in Indië 'n konferensie in Suid-Indië hê oor die uitbuiting van kinders. Die doel van die konferensie is om kerkleiers en leiers van organisasies aan te moedig om betrokke te raak en die uitbuiting van kinders te bekamp. (E-pos: pray@viva.org, 30/06/09). ***Bid asseblief vir al die voorbereidings vir die konferensie; dat die bywoning goed sal wees en dat elkeen wat die konferensie bywoon so beïnvloed sal word dat hulle 'n verskil sal wil gaan maak. Bid dat elke oorsaak effektief gekommunikeer en verstaan sal word. Bid dat elke besluit wat by hierdie konferensie geneem sal word 'n impak sal maak in die lewens van die kinders wat uitgebuit word.***

Hierdie gebedskalender is 'n insiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com